Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 19 Sep 2018
Page: 6

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Tuks-roeispan ewenaar rekord

Wilhelm de Swardt

Tuks se mansroeispan het die afgelope naweek op die Suid-Afrikaanse Regatta op die Kowierivier in Port Alfred een van dié sport se oudste rekords geëwenaar toe hulle die agtman-wedvaart gewen het.

Dit was Tuks se tiende sege agtereenvolgens. Die Rhodes-Universiteit is die enigste ander span wat al dié prestasie kon behaal.

Tuks se mans was nie die enigste wat geseëvier het nie. Sowel die A- as B-vrouespan is vir die tweede jaar agtereenvolgens die kampioene.

Tuks se oorheersing was nie sonder drama nie. Mpumi Geza, hoofafrigter, was duidelik trots op wat sy roeiers vermag het, maar meen die optrede van die Rhodes-roeiers gedurende die mans se A-wedvaart was nie in die gees van die sport nie.

Volgens hom was dit te verstane dat daar heelwat emosie betrokke sou wees, want die roeiers van Rhodes was daarop uit om hul trotse rekord te probeer verdedig.

Maar daar is maniere van dinge doen. Geza beskou dit as onsportief om met opset in die Tuks-span vas te roei.

Dié optrede het meegebring dat die wedvaart oor moes begin. Met die adrenalien wat beslis gepomp het, het die Tuks-roeiers die tweede keer seker gemaak daar is geen kans vir Rhodes se roeiers om met enige streke vorendag te kom nie.

Hulle het van meet af die voortou geneem en haal vir haal hul voorsprong bly rek om uiteindelik meer as 100 m voor die Rhodes-span klaar te maak.

Tuks se agtman-roeispan is Chris Mittendorf, Bradley Betts, Charles Brittain, Ryan Delaney, David Porter (stuurman), James Mitchell, Stephen Selepe, Ross le Maitre en Luc Daffarn (voor). Hulle het by die Suid-Afrikaanse Regatta in Port Alfred geseëvier. Foto: REG CALDECOTT

Volgens Geza het hulle verwag dat Rhodes die een of ander plan in die mou sou voer om Tuks te ontwrig.

"So, ons was voorbereid op die onvoorsiene. Ons het net nie gedink dit sou so blatant wees nie."

David Porter, Tuks se stuurman, het agterna gesê hy het die idee gekry dat die Rhodes-roeiers nie ernstig daaroor was om te wen nie.

"Ons was hoogs gemotiveerd om die rekord te ewenaar, terwyl dit gelyk het of Rhodes se roeiers die wedvaart baie ligtelik opneem, so amper asof dit 'n grap vir hulle was. Hulle het ons beslis nie gerespekteer nie. Dit het ons natuurlik meer vasberade gemaak."

Dié sege was beslis spesiaal vir Geza, want dit is die vyfde keer dat Tuks die wedvaart onder sy leiding wen.

Porter het ook 'n reuseaandeel in die vroue se B-wedvaartsege gehad, want hy was ook in dié span Tuks se stuurman.

"Ek het vooraf geweet dit gaan 'n naelbyt-affêre wees, want in die uitdun het die Universiteit van Kaapstad ons met drie sekondes geklop. Ons aanvanklike plan was om van meet af voor te wees, maar ons kon nie die Ikeys afskud nie," het Porter vertel.

"Ek het besef ons sal iets drasties moet doen as ons wou wen. Teen die einde, by Shipwreck, het ek besluit om 'n kans te waag en 'n reguit lyn te neem. Dit het die Ikeys met geen ander keuse gelaat as om wyd uit te swaai nie en ons het toe die voortou geneem."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.